

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA GRAAN SA	DATUM 2018/04/26		DATUM 2018/04/25		+ - LAST WEEK 2018/04/16		BY DIE GELD PUT OPSIE			
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data		WM	YM	
DJIA-index	24084	-365.17	-1.5%	24449	-1.6%	24483	JULIE '18 TERMYNPRYS	R 2 057.00	R 2 157.00	
Goud (Spot)	1323.56	-3.98	-0.3%	1327.54	-1.7%	1346.3	PUT TREFPRYS	R 2 060.00	R 2 160.00	
Brent \$/vat	74.43	0.54	0.7%	73.89	3.6%	71.85	PUT PREMIE	R 77.86	R 75.41	
1 € / US\$	1.2176	0.00	-0.3%	1.2209	-1.3%	1.2331	MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 982.14	R 2 084.59	
1 US\$ / ZAR	12.42	-0.010	-0.1%	12.43	2.9%	12.07				
Corn	R 1 889.79	20	1.1%	R 1 869.29	*CBOT Corn Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May 12:00 the previous day					
Wheat	R 2 219.04	50	2.3%	R 2 169.44	* CBOT Wheat Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4 689.07	-6	-0.1%	R 4 695.13	* CBOT Soy Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.			
Corn May 18	386.50	4.50	1.2%	382.00	Daaglikse pariteitspryse gelewer in Randfontein		51	WM	YM	TM
Wheat May 18	486.25	11.25	2.4%	475.00			WEEK TOTAAL	11 018	3 272	14 290
Soybeans May 18	1027.50	-0.50	0.0%	1028.00			JTD TOTAAL	762 086	1 418 170	2 180 256
PLAASLIKE MARKINLIGTING							MIELIE UITVOERE			
							UITVOERBAAR			
SORGHUM May '18	3130.00	0.00	0.0%	3130.00	Invoerpariteit	Uitvoerpariteit	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	30%	77%	50%
WMAZ Spot	2006.00	14.00	0.7%	1992.00	3753.00	1584.00	TEMPO/WEEK BENODIG	1 737 914	431 830	2 169 744
WMAZ May 18	2057.00	17.00	0.8%	2040.00	3246.00	1584.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WMAZ Jul 18	2106.00	17.00	0.8%	2089.00	3285.00	1623.00	WEEK TOTAAL			
YMAZ Spot	2116.00	17.00	0.8%	2099.00	3246.00	1584.00	JTD TOTAAL			
YMAZ May 18	2157.00	20.00	0.9%	2137.00	3246.00	1584.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS			
YMAZ Jul 18	2207.00	21.00	1.0%	2186.00	3285.00	1623.00	% GELEWER VAN OES			
SOY Spot	4630.00	43.00	0.9%	4587.00	6241.00	4019.00	TEMPO/WEEK BENODIG			
SOY May 18	4725.00	41.00	0.9%	4684.00	6241.00	4012.00	KORING INVOERE			
SUN Spot	4558.00	38.00	0.8%	4520.00	5735.00	4000.00	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM	
SUN May 18	4685.00	36.00	0.8%	4649.00	6241.00	4012.00	WEEK TOTAAL	-	-	31 882
WHEAT Spot	3902.00	17.00	0.4%	3885.00	4213.00	1808.00	JTD TOTAAL	1 157 865	386 999	913 879
WHEAT May 18	3923.00	20.00	0.5%	3903.00	4613.00	2085.00	TOTAAL BENODIG	2 050 000	930 728	1 622 999
WHEAT Jul 18	3880.00	13.00	0.3%	3867.00	4698.00	2168.00	JTD AS % VAN BENODIG	56%	41.6%	56%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R12.42/\$, wat relatief onveranderd is vanaf die vlakke waarteen dit gister-middag met marksluiting verhandel het. Die rand was onder verdere druk gister en het deur die loop van die dag teen vlakke bo R12.50/\$ verhandel, wat die swakste vlak was wat die rand sedert Desember 2017 gesien het. Die verswakking van die rand is hoofsaaklik as gevolg van die positiewe sentiment in die VSA en die stygende effekte opbrengste daar. Beleggers onttrek hul geld uit ontluikende markte en belê eerder in die groter ekonomieë soos die VSA, aangesien die beleggers meer risiko vermynd is. Die Suid-Afrikaanse verbruikersvertroue het in 'n eerste kwartaal van 2018 'n nuwe hoogtepunt bereik. Dit is volgens die jongste verbruikersvertroueverlag wat gister vrygestel is. Die indeks van verbruikersvertroue was 34 indeks punte hoër, om 'n rekord vlak van 26 vir die eerste kwartaal van 2018 te bereik. Die verbruikersvertroue was -8 in die vierde kwartaal van 2017. Die algemene positiewe sentiment wat na die verkiesing van Cyril Ramaphosa as President van die ANC en die land gesien is, het die verbruikersvertroue tot dusver in 2018 gehelp. Die verwagting is egter dat die verbruikersvertroue dalk weer onder druk kom, aangesien die druk van hoër BTW-tariewe in die volgende paar maande sy tol sal begin neem.

Mielies: Die Amerikaanse mieliepryse het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel met die verdragings in die aanplantings in die grootte faktore wat bygedra het tot die versterking van die prys. Daar was ook 'n mate van ondersteuning vanaf ander markte soos die koringmark wat gister sterker verhandel het. Die verwagtinge in die mark vir die weeklikse uitvoerverkepeverslag, wat later vandag deur die USDA vrygestel sal word, is dat die uitvoerverkope vir die week tussen 1 miljoen ton en 1,6 miljoen ton kan wees. In ander internasionale nuus is die verwagting dat die mielie produksie in China hierdie seisoen laer kan wees, aangesien daar 'n verwagte daling in die oppervlakte wat geplant gaan word is en omdat produsente meer sojabone sal aanplant. In Brasilië was die etanol produksie in die eerste twee weke van April meer as dubbel die produksie wat in die laaste twee weke van Maart plaasgevind het. Suid-Korea het geen aankope gedoen op 'n internasionale tender wat gister gesluit het nie en die lewering sou September 2018 plaasgevind het, sou daar aankope gemaak gewees het. Die weerstoestand in die VSA sal steeds een van die grootste faktore wees wat die internasionale markte sal dophou. Die verwagtinge is dat daar in die volgende paar dae warmer en meer gunstige weer sal wees oor groot gedeeltes van die VSA, wat gunstig sal wees vir die aanplantings om voort te gaan. Die Amerikaanse mark sal waarskynlik in die volgende paar weke wisselvallig bly, en veral reageer op die weerstoestand. **Plaaslik:** Die plaaslike mielie mark het gister 'n mate van steun gekry en verhandel meestal hoër vir al die kontrakmaande van beide wit- en geelmelies wat tans gelys word. Die mark het gister ondersteuning gevind met die swakker rand en die hoër Amerikaanse prys wat die pariteitsprys vir die dag ondersteun het. In gister se 3de produksie skatting vir die seisoen deur die NOK, is die produksie hoër harsien vir beide die wit- en geelmelies. Die WM-produksie word geskat op 6,6 miljoen ton en die YM 6,2 miljoen ton, wat die totale mielie produksie tot 'n beraamde 12,8 miljoen ton bring.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister vir die tweede agtereenvolgende dag sterker verhandel hierdie week, met die mark wat sedert Maart oor die algemeen meestal laer verhandel het. Veral in die internasionale sojaboonmarkte het die handelsgesprekke tussen die VSA en China sy tol geëis en het die mark oor die algemeen laer verhandel die afgelope twee maande. Die hoofokus in die Amerikaanse mark is tot dusver steeds meer op die handel gerig as op die nuwe seisoen sojaboonproduksie, met die aanplantings wat pas begin het. Die uitvoervolumes vanaf die VSA was die laaste ruk ook meestal onder druk gewees met China wat minder aankope vanaf die VSA gedoen het. Die verwagtinge in die mark vir die week se USDA weeklikse uitvoerverkepeverslag, is dat die verkope tussen ongeveer 800 000 ton en 1,4 miljoen ton behoort te wees, wat effens hoër as die vorige week se handelsverwagtinge is. Die analiste is ook van mening dat daar moontlik sojaboonmeel verkope van tussen 100 000 ton en 300 000 ton behoort te wees vir die week met die sojaboonolie verkope wat tussen 8 000 ton en 30 000 ton geskat word. In Argentinië is die produksieverwagtinge steeds onder druk as gevolg van die warm en droë toestande wat daar heers. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In gister se 3de produksie skatting wat deur die NOK bekend gemaak was, is die sojaboonproduksie vir die seisoen hoër aangepas vanaf die vorige skatting en word dit nou op 1,43 miljoen ton geskat vir die seisoen.

Koring: Die Amerikaanse koringprys het ook goeie ondersteuning gevind, met die winterkoring markte wat dubbelsyfer toenames gelewer het. Lente koring het ook gevolg, maar het relatief kleiner toenames getoon in vergelyking met die winterkoring. Daar is meer mark invloed in die winterkoring, wat grootliks bepaal word deur die weervooruitsigte. Wydverspreide reën wat in die Pleine ontvang word, het kommer geplaas op die moontlike laer opbrengste van winterkoring. Daar is tans nog onsekerhede oor die grootte van die winterkoring produksie vir die seisoen. Voor Donderdag se weeklikse USDA-verslag, verwag handelsoptreders dat koring uitvoere tussen 500 000 ton en 500 000 ton kan wissel vir die week. Die lente koringmark het hoofsaaklik ondersteuning gevind met die moontlike verdragings in die lente koring aanplantings. Tans is slegs 3% van die aanplantings voltooi, wat aansienlik laer as die 5-jaar gemiddelde van 25% voltooi is. **Plaaslik:** Suid-Afrikaanse koringprys het hoër gesluit, met ondersteuning hoofsaaklik van 'n swakker rand asook hoër internasionale prys. Die NOK het ook die eerste intensies om te plant vir wintergrane vrygestel vir die seisoen wat voorlê, wat die oppervlakte van koring vir die seisoen op 500 500 ha skat. Dit is 'n styging van 1,8% vanaf verlede jaar se 491 600 ha.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Michelle Mokone en Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za / luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

